**Ek gaan om vir julle plek voor te berei (OP236)**

**Joh 14:1-3**

**26 Oktober 2025**

Die afgelope paar weke het ons stilgestaan by Joh 13. Ons het gesien dit het afgespeel in die bovertrek op die vooraand van die Here Jesus se kruisiging. Teen die einde van Joh 13 het Hy alreeds die voete van Sy dissipels gewas, en Hy het hulle opgeroep dat hulle ook mekaar se voete moet was. Hy het ook alreeds Judas aangewys as Sy verraaier. En Judas het ook alreeds vertrek die nag in. Hy het ook sopas Sy dissipels daarop gewys dat Hy nog net 'n kort rukkie by hulle gaan wees. Daarna sal Hy weggaan, en hulle kan nie saamgaan nie. Toe Petrus gevra het waarheen die Here Jesus sou gaan, het Hy gesê Petrus kan Hom nie nou volg nie, maar later sal Petrus Hom wel volg. En asof dit alles al nie ontstellend genoeg was nie, het die Here Jesus ook nog vir Petrus gesê dat hy Hom voor die haan kraai drie keer verloën. Onthou verder dat ons in Joh 13:21 ook al gelees het dat die Here Jesus self ook diep ontroerd was. Ons moet dus begryp dat die atmosfeer in die bovertrek teen die einde van Joh 13 redelik somber moes wees: Die Here Jesus gaan weg, Sy dissipels kan Hom nie volg nie, een van hulle gaan Hom verraai, en boonop gaan Petrus Hom voor die volgende oggend verloën.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Here Jesus in Joh 14:1 aan hulle sê: "Laat julle harte nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My." Ek glo dit is duidelik: die Here Jesus wil hulle te midde van al hierdie ontstellende gebeure en vooruitsigte bemoedig – Hy wil hulle oortuig dat dit onnodig is om ontsteld te wees oor alles wat op die punt staan om te gebeur. En die manier waarop hulle hulle ontsteldheid moet oorwin, is deur geloof in die Here Jesus en ook geloof in God. Gedurende die afgelope drie jaar het Hy hulle tog baie dinge geleer: Hy het hulle geleer Hy is die brood van die lewe, Hy is die goeie Herder, Hy is die lig vir die wêreld, Hy is die deur vir die skape, Hy is die goeie Herder, Hy is die opstanding en die lewe. Hy het hulle geleer Hy doen net wat Sy Vader wil, Hy maak juis die Vader aan hulle bekend. Ja, al verstaan hulle nog nie presies hoe alles wat nou gaan gebeur presies in mekaar pas nie, moet hulle nou glo in Hom en in alles wat Hy hulle geleer het, en ook glo dat dit alles in lyn met die wil van God die Vader is.

In Joh 14:2-3 volg die Here Jesus hierdie oproep tot geloof op met 'n belofte van hoop – lees weer verse 2-3. Wanneer al die ontstellende dinge oor die volgende paar dae gebeur, en ook selfs wanneer die Here Jesus later met Sy hemelvaart sou weggaan, moet die dissipels aan hierdie belofte vashou, dan moet hulle hierdie belofte glo – dit sal keer dat hulle dan ontsteld en moedeloos sal word, hulle moet daaraan vashou dat hierdie belofte steeds sal realiseer – want dit is wat die Here Jesus beloof het, en dit is in lyn met die wil van die Vader.

Ek wil vandag stilstaan by hierdie belofte van die Here Jesus in verse 2-3. Ons gaan kyk na (1) Die inhoud van die belofte en (2) Die betekenis van die belofte.

<u>Die inhoud van die belofte (Joh 14:2-3)</u>

In vers 2-3 leer die Here Jesus ons vier belangrike aspekte waarvan ons moet kennis neem:

1. In die huis van die Here Jesus se Vader is daar baie woonplek (v2). En die Here Jesus gee die dissipels die versekering dat as dit nie so was nie, sou Hy vir hulle so gesê het. Deel van Sy bemoediging aan Sy dissipels is dus dat hulle seker moet weet en dit glo dat daar in Sy Vader se huis baie woonplek is.
2. Die Here Jesus sê ook vir hulle dat wanneer Hy nou weggaan, dan gaan Hy juis om vir hulle plek voor te berei (v2). Waar gaan Hy vir hulle plek voorberei? Tog sekerlik in Sy Vader se huis waar daar baie woonplek is. Onthou in Joh 13:33 het Hy reeds aan die dissipels gesê Hy

gaan weg, maar hulle kan nie saamgaan nie. Ten minste weet hulle nou dat wanneer Hy weggaan, gaan Hy na Sy Vader se huis, en Hy gaan juis met die doel om vir hulle daar plek voor te berei.

3. Wanneer Hy klaar vir hulle plek voorberei het, dan gaan Hy terugkom na hulle toe (v3). Dit is op sigself bemoedigend – Sy weggaan is dus net tydelik. Sodra Hy die doel bereik het met Sy weggaan (dit is om vir hulle plek te gaan voorberei in Sy Vader se huis), dan kom Hy weer na hulle toe.
4. Wanneer Hy terugkom, kom Hy nie maar net terug na hulle toe nie, nee, dan kom Hy om hulle te kom haal en saam met Hom te neem sodat hulle by Hom kan wees. Waarheen gaan Hy hulle dan neem? Tog sekerlik na Sy Vader se huis waar Hy nou intussen vir hulle plek voorberei het. Dit help hulle om te verstaan wat Hy in Joh 13:36 bedoel het toe Hy vir Petrus gesê het hy sal Hom wel later volg. Hulle sal Hom dan kan volg na Sy Vader se huis.

Die prentjie is dus duidelik: Wanneer die Here Jesus weggaan, is dit bloot tydelik en dit is boonop met 'n doel: Hy gaan dan na Sy Vader se huis. Daar gaan Hy baie plek voorberei. Daarna gaan Hy weer kom om sy dissiples te kom haal, en hulle gaan dan by Hom wees in Sy Vader se huis, waar daar baie wonings sal wees. Ons kan dus aflei op daardie stadium wanneer Hy terugkom, sal daar baie dissipels wees wat saam met hulle en die Here Jesus in Sy Vader se woonplek gaan woon. Dit is waaraan die dissipels moet vashou in die geloof wanneer hulle ontsteld word as hulle hoor dat Hy binnekort weggaan.

<u>Die betekenis van die belofte (Joh 14:2-3)</u>

Kom ons besin nou in bietjie meer diepte oor die betekenis van hierdie belofte. Kom ons dink oor waar die Vader se huis is. Ek veronderstel julle gaan saamstem in 'n sekere sin is die antwoord maklik:

1. Hand 1:9-11 maak dit baie duidelik dat Jesus opgevaar het na die hemel toe. Toe Jesus weggegaan het, het Hy dus na die hemel toe gegaan. Boonop het die engele met Sy hemelvaart ook vir die dissipels gesê Jesus gaan terugkeer soos wat Hy weggegaan het. Dit pas tog met wat Jesus hier in Johannes 14 geleer het – Hy gaan weg en dan kom Hy weer terug. Daarom kan ons aanvaar die Vader se huis is dus in die hemel.
2. Boonop leer Rom 8:34 dat die Here Jesus, nadat Hy gesterf en opgestaan het, aan die regterhand van die Vader gaan sit het, en dat Hy daar vir ons intree. Toe Hy weggegaan het, het Hy dus na Sy Vader gegaan. Verder leer Jes 66:1-2 ons dat God die Vader se woonplek in die hemel is. Dus, as Jesus aan die regterhand van die Vader sit, beteken dit Hy is in die hemel.

En tog is daar 'n paar vrae wat ons nou moet aanspreek:

1. Is die hemel dan nog in aanbou? As Genesis 1 leer dat God in die begin die hemel en die aarde geskep het, moet dit tog die hemel insluit. Gen 2:2 is ook baie duidelik dat Sy skeppingswerk na die skeppingsweek afgehandel was. Hoe rym dit met wat Jesus hier sê dat Hy gaan plek voorberei, oënskynlik juis in die hemel?
2. In Joh 2 lees ons van die Here Jesus wat die tempel gereinig het. In vers 16 sê die Here Jesus: "Hou op om die huis van My Vader 'n huis te maak waar handel gedryf word". Waarna verwys die Here Jesus hier as Hy die term "die huis van My vader" gebruik? Tog sekerlik na die fisiese tempel daar in Jerusalem, die tempel waaraan hulle alreeds vir 46 jaar gebou het! Dit laat die vraag ontstaan: Waar is die huis van die Vader? In die hemel, soos wat ons sopas uit Joh 14 en Hand 1 geredeneer het, of in Jerusalem? Boonop lees ons in Joh 2:19 dat die

Here Jesus sê hulle moet die tempel afbreek en Hy sal dit weer in 3 dae opbou, en vers 21 leer dat Hy daarmee die tempel van Sy liggaam bedoel het. Dus: die "huis van my Vader" kan die fisiese Jerusalem tempel wees, dit kan ook Jesus se fisiese liggaam wees, maar dit kan ook in die hemel wees. Hoe moet ons dit verstaan?

3. Kom ons kyk na Openbaring 1. Ons het in die verlede al besin dat Openbaring ons leer wat ons in die laaste dae kan verwag – d.w.s. in die dae sedert die Here Jesus se weggaan en Sy terugkom waarvan die Here Jesus in Joh 14 praat. In Openbaring 1:13 lees ons dat die Seun van die Mens, dit is natuurlik die Here Jesus, tussen die sewe staanlampe is, en volgens vers 16 het Hy in Sy regterhand sewe sterre. Vers 20 leer ons dat die sewe sterre die leraars van die sewe gemeentes is, en die sewe lampstaanders is die sewe gemeentes. Ons is boonop oortuig dat die sewe gemeentes sewe werklike gemeentes is wat destyds bestaan het. Dus, as die Here Jesus tussen die sewe lampstaanders rondbeweeg en die sewe sterre in Sy hand hou – moet dit mos beteken Hy is op aarde? Of is Hy in die hemel soos ons vroeër geredeneer het?
4. In Openbaring 4/5 lees ons van die hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het. Op 5:1 sê dat daar in God wat op die troon sit se regterhand 'n boekrol was wat met 7 seëls verseël was – en die enigste Een wat dit kon oopmaak is die Here Jesus, die Lam wat geslag is (Op 5:6-7). Ons weet ook die oopmaak van die seëls verwys na die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms – dus dieselfde tyd wat Johannes 13/14 beskryf as die kort rukkie wat Jesus weg is. Waar is die Here Jesus nou? In die hemel, soos ons uit Joh 14 geredeneer het en wat Op 4/5 ondersteun, of op aarde tussen die lampstaanders, soos Op 1 beskryf?
5. Kom ons lees 2 Kor 5:1 – "Ons weet tog dat wanneer ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het wat van God kom, 'n ewige woning in die hemele, wat nie met hande gemaak is nie." Hierdie vers is baie duidelik dat ons in hierdie lewe in 'n tydelike aardse woning leef, dit word beskryf as 'n tentwoning. Maar ons het die vooruitsig dat wanneer ons sterf om dan te verhuis na 'n gebou wat in die hemel is. Hierdie gebou kom van God af, en let op, dit is 'n ewige woning – ons gaan dus vir ewig daar woon – in hierdie ewige gebou in die hemel. Wel, dit klink darem of dit ooreenstem met wat ons in Joh 14 lees. As Jesus dus sê dat Hy weggaan om vir ons plek voor te berei in Sy Vader se huis, dan beteken dit seker dat Hy hierdie vaste gebou in die hemel gaan bou, en dat hierdie gebou Sy Vader se huis is, waarheen ons gaan verhuis met ons afsterwe – waar ons dan vir ewig gaan bly!
6. Maar hoe rym dit nou met die volgende tekste:
    a. Jes 65:17-19 – Hier lees ons dat God 'n nuwe hemel en aarde gaan skep. Ons weet ook dat hierdie laaste hoofstukke in Jesaja eskatologies is, en dus vooruit kyk na die eindtyd. Ons lees ook dat daar 'n Jerusalem gaan wees – tog sekerlik op die nuwe aarde. Dis hier waar die mense gaan bly en hulle gaan vol vreugde wees, en daar gaan nie gehoor word dat iemand huil of om hulp roep nie. Hoe strook dit nou met die vaste gebou in die hemel wat ewig gaan bly in 2 Kor 5? Of die feit dat ons geredeneer het die Vader se huis is in die hemel, want Jesus is tog nou in die hemel?
    b. Ons is ook goed bekend met Rom 8:20-21 wat ons leer dat die skepping tans sug a.g.v die verydeling waaraan dit onderworpe is, en met verlange uitsien na die dag dat dit van die verganklikheid bevry sal word "met die oog op die heerlike vryheid van die kinders van God". Ons heerlikmaking vind tog plaas met die wederkoms, wanneer Christus, in Joh 14 se woorde, sy volgelinge sal kom haal om by Hom te wees. Maar nou lyk dit hier in Rom 8 of die skepping "nuut" gemaak gaan word om te pas by die heerlikheid van God se kinders – tog sekerlik sodat hulle op hierdie nuwe aarde kan woon. Hoe klop dit met die vaste gebou vir ewig in die hemel waarvan 2 Kor 5 praat?

c. Lees Op 21:1-2 – Hierdie verse is tog baie duidelik dat met die koms van die nuwe hemel en aarde, dus met die wederkoms, oftewel met die tyd wanneer Jesus sal kom om Sy volgelinge te kom haal, dan kom die nuwe Jerusalem uit die hemel uit na die aarde toe. Dit klop ten minste met wat ons in Jes 65 gelees het dat in daardie toekomstige Jerusalem daar nie trane of hulpgeroep sal wees nie. Maar hoe klop dit met Jesus wat nou in die hemel is, om daar vir ons plek voor te berei? En met die vaste gebou in die hemel in 2 Kor 5 wat vir ewig gaan bly staan?

Kan ek probeer opsom: Dit lyk vir my daar is ten minste drie sake waaroor ons moet besin:

1. Waar is die Here Jesus nou dat Hy weg is: In die hemel aan die regterhand van die Vader, soos wat ons uit Hand 1 en Rom 8 en Op 5 leer, of op die aarde tussen die lampstaanders, wat die gemeentes is, met die sewe sterre van die sewe gemeentes in Sy hand, soos wat Op 1 leer?
2. Waar is die huis van die Vader waar die Here Jesus plek voorberei tydens die periode wat Hy weg is: Is dit die tempel in Jerusalem soos ons in Joh 2 lees? Of is dit die ewige gebou in die hemel waarvan 2 Kor 5 praat? Of is dit die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde?
3. Wat behels hierdie voorbereidingswerk waarmee die Here Jesus besig is gedurende die periode wat Hy weg is?

Kom ons probeer om hierdie vrae sinvol te antwoord. Ek staan keer op keer verstom oor hoe dikwels Op 21 en 22 die sleutel bied om die res van die Bybel te verstaan. Hier is dit weer die geval.

Lees Op 21:3: "Ek het toe 'n harde stem van die troon af hoor sê: 'Kyk God se woonplek is by die mense'". Dink nou oor die volgende:

1. Die eerste ding wat jy moet raaksien is waarna die "toe" verwys in die uitdrukking "Ek het toe 'n harde stem hoor sê". Die "toe" verwys na die tyd van die koms van die nuwe hemel en aarde waarvan verse 1-2 praat. Dit is dus die tyd wanneer Jesus weer gaan terugkom na Sy dissipels toe om hulle te kom haal sodat hulle dan by Hom kan wees – waarvan ons in Joh 14 lees. Dit is dus met Sy wederkoms.
2. Op 21:2 leer dat op daardie tydstip, dus met die wederkoms, gaan die Nuwe Jerusalem ook uit die hemel neerdaal. Ons leer ook dat die Nuwe Jerusalem die bruid is wat gereedgemaak is om haar Bruidegom te ontmoet. Die Nuwe Jerusalem is dus die bruid, en die bruid is dus die volgelinge wat Jesus gaan kom haal wanneer Hy terugkom. Maar let ook op, die bruid daal uit die hemel neer – na die nuwe aarde toe. Dit gebeur wanneer die Here Jesus terugkom.
3. Onthou wat 1 Tess 4:16-17 leer. Wanneer Jesus weer kom, sal Hy uit die hemel neerdaal. Dan sal die wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan, daarna sal die wat nog lewe op die wolke weggevoer word die lug in om Jesus te ontmoet om ewig by Hom te wees. Wel, dit klop met Joh 14 waar die Here Jesus ook beloof het wanneer Hy weer terugkom, sal Hy Sy dissipels na Hom toe neem sodat hulle ook kan wees waar Hy is.
4. Uit Op 21:2-3 weet ons mos nou, hierna, nadat hulle met die Here Jesus herenig is, daal hulle, i.e. die Nuwe Jerusalem, die volgelinge van die Here Jesus, die waarvoor Hy plek voorberei het, uit die hemel neer na die aarde toe.
5. Beteken die feit dat hulle na die aarde toe neerdaal dat hulle weer van God en Christus geskei word? M.a.w. beteken dit dat die Here Jesus dan in die hemel agterbly, terwyl Sy volgelinge na die aarde kom? Nee! Dit is juis die punt van Op 21:3 – Die woonplek van God is nou by die mense. God kom by hulle woon! Hy sal by hulle bly, hulle sal Sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

6. Ja, dit is so: Jesaja 66:1-2 het ons geleer die hemel is God se woonplek. Maar as God nou by die mense kom woon, beteken dit tog dat God se woonplek, die hemel, nou op aarde is. Dit is letterlik: hemel op aarde!!
7. Onthou verder: Deur die loop van die Ou Testament was die tabernakel of die tempel die simbool van God wat onder Sy volk woon. Ons het al verskeie kere gesê die voetbank van die Here God se troon was as't ware die verbondsark in die Allerheiligste van die tabernakel. Dit was immers bo die verbondsark wat die heerlikheid van God teenwoordig was. Die tabernakel was die punt van kontak tussen die volk en die Here God. Maar Op 21:3 sê hierdie skeiding tussen die aarde en die hemel, met die volk wat op die aarde woon en die Here wat in die hemel woon, en die tabernakel wat die skakel tussen die twee was, verdwyn dan omdat God nou by die mense kom woon op die nuwe aarde. Die noodsaak aan die tabernakel of tempel verdwyn dus – God woon Self by hulle – en daarom kan Op 21:22 leer dat daar nie 'n tempel is op die nuwe aarde nie! Die skeiding tussen hemel en aarde verdwyn!

As ons nou teruggaan na Joh 14 toe, wat bedoel die Here Jesus met "Sy Vader se huis" waar Hy vir ons plek gaan voorberei? Wel, ek is oortuig Hy praat nie primêr van 'n fisiese plek nie. In Joh 2 tydens die reiniging van die tempel, het die Here Jesus eerstens met die term "huis van My Vader" die fisiese tempel bedoel. Maar, onthou dit was ook in Joh 2 wat Hy geredeneer het hulle moet die tempel afbreek, en Hy sal dit in drie dae weer opbou. Natuurlik het Hy nie daarmee die fisiese tempel bedoel nie. Ons lees Hy het daarmee na Sy liggaam verwys. Ons het dit 'n wyle gelede in detail oordink en tot die gevolgtrekking gekom dat Hy bedoel het dat met Sy sterwe aan die kruis sal die noodsaak aan die fisiese tempel verdwyn. En die rede hoekom die fisiese tempel nie meer nodig sal wees nie, is omdat Hy die volle vervulling van die tempel is. Ons het dit tog ook al in detail oordink: elke stuk meublement in die tempel het vooruit gewys na Sy werk as die ware Hoëpriester. Boonop, soos wat die tabernakel en tempel in die Ou Testament die skakel was tussen die volk op die aarde en die Here God in die hemel, so word die Here Jesus die skakel tussen die Vader en Sy dissipels – dit is immers Hy wat die Vader aan hulle kom bekend maak. Dit is juis met Sy verheerliking dat die oorgang van die fisiese tempel na Hom as die ware tempel plaasvind. Joh 2 leer ons ook dat die ware tempel Sy liggaam is. Natuurlik verwys dit na die feit dat Hy fisies gesterf en opgestaan het, en so die simboliek van die Ou Testamentiese tempel vervul het deurdat Hy die ware versoening bewerk het vir die gelowiges. Maar daar is selfs meer simboliek in Sy liggaam. Sy liggaam bestaan uit die gelowiges, en Hy is die Hoof van die liggaam. Lees Ef 2:20-22. Hier lees ons dat die gelowiges 'n gebou is. Die Here Jesus is die hoeksteen van die gebou, die apostels en profete, insluitende die dissipels wat daardie aand in die bovertrek was, is die fondament. Hierdie gebou is 'n heilige tempel, en hierdie tempel is die woonplek van God deur die Gees. In die Nuwe Testament word die Ou Testamentiese tempel dus vervang met die gelowiges wat stene is in hierdie gebou. Die hoeksteen is die Here Jesus, en die fondament is die profete en apostels. En dit is in hierdie gebou wat die Here God woon deur die Heilige Gees. Wat het aanleiding gegee tot die ontstaan van hierdie gebou? Die werk van die Here Jesus vorm die hoeksteen – dit is die werk wat die volgende dag na die bovertrek-gebeure in Joh 14 sou begin, wat sou aanleiding gee dat die Here Jesus sou weggaan, eers deur Sy dood en daarna deur Sy hemelvaart, dit is die werk wat afgehandel sal wees wanneer die Here Jesus weer terugkom aan die einde. Dan kom haal Hy Sy dissipels, die gelowiges, en neem hulle saam met Hom, en daarna daal hulle saam neer as die Nuwe Jerusalem na die nuwe aarde – waar die Here God by hulle sal woon, waar daar nie meer 'n tempel sal wees nie, want hulle is die tempel waarvan die Here Jesus die hoeksteen is.

Wat van 2 Kor 5:1 se ewige woning in die hemel wat nie met hande gemaak is nie, en waar afgestorwe gelowiges vir ewig gaan woon? Wel, dit is dieselfde gebou waarvan Ef 2 praat. Wanneer

gelowiges sterf voor die wederkoms, kom hulle siele in die hemel bymekaar (Op 7). Hierdie gelowiges is almal stene in die gebou waarvan Ef 2 praat – hulle is stene waaraan die voorbereidingswerk afgehandel is, hulle is volmaak, hulle is gereed om stene te wees van die ewige gebou. Hulle wag nog vir die ander stene om ook by hulle bymekaar te kom. Dit alles is deel van die voorbereidingswerk waarmee die Here Jesus besig is waarvan Hy in Joh 14 praat. En, onthou, Hy het in Joh 14 al gesê daar is baie wonings in hierdie gebou. Dit duur nou alreeds 2000 jaar om al die stene gereed te maak. Die stene wat reeds gereed is, kom in die hemel bymekaar as deel van daardie ewige hemelse gebou. Maar daar is steeds stene uitstaande, waaraan die Here Jesus steeds werk om hulle voor te berei. Maar, wanneer al die stene gereed is, gaan hulle almal saam neerdaal as die Nuwe Jerusalem saam met die Here Jesus, en die Here God gaan by hulle kom woon. Hulle is dan die tempel. Die Here Jesus sal by hulle wees. En God kom ook by hulle woon. Daarom is die gebou van 2 Kor 5 'n ewige gebou – selfs 'n ewige gebou in die hemel – want sien die gebou daal wel uit die hemel neer na die aarde toe. Maar siende dat God by hulle op die nuwe aarde kom woon, is die hemel ook voortaan op die nuwe aarde, soos hierdie ewige gebou in 2 Kor 5:1. Hierdie gebou, wat die gelowiges is, is dus dan in die hemel en op aarde – want die skeiding tussen hemel en aarde het verdwyn!

<u>Opsommend</u>

Kom ons keer nou terug na daardie drie vrae wat ons vroeër gevra het:

1. Waar is die Here Jesus nou dat Hy weg is? Natuurlik is die Here Jesus in die hemel aan die regterhand van die Vader, soos wat ons uit Hand 1 en Rom 8 en Op 5 leer. Maar wat dan van die feit dat Op 1 ons leer Hy is tussen die lampstaanders, oftewel die gemeentes, wat tog hier op die aarde is? Wel, Hy is daar ook. Onthou, Ef 2 het ons geleer die gemeentes is ook die woonplek van God – deur Sy Gees. Deel van die Here Jesus se voorbereidingswerk is ook dat Hy Sy Heilige Gees gestuur het. Later tydens die gesprek in die bovertrek gaan Hy Sy dissipels nog baie leer oor die rol van die Heilige Gees, en dan sal dit duidelik word dat Hy ook by hulle is deur Sy Gees wat in hulle is.
2. Waar is die huis van die Vader waar die Here Jesus plek voorberei tydens die periode wat Hy weg is: Is dit die tempel in Jerusalem soos ons in Joh 2 lees? Nee, die fisiese tempel se rol was uitgedien met die aanbreek van die begin van die verheerliking van die Here Jesus wat nou op hande was. Is die Vader se huis die ewige gebou in die hemel waarvan 2 Kor 5 praat? Ja, maar daardie gebou is nog besig om voltooi te word. Baie stene is al gereed, maar daar is ook nog stene wat ontbreek. Of is die Vader se huis die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde? Ja, en dit is dieselfde gebou as die gebou in 2 Kor 5. Maar op daardie stadium dat die Here Jesus weer kom, is die gebou voltooi, en dit daal uit die hemel neer na die nuutgemaakte aarde, waar die Here God ook kom woon by die mense.
3. Wat behels die voorbereidingswerk waarmee die Here Jesus besig is gedurende die periode wat Hy weg is? Onthou hierdie gesprek gebeur die aand voor die kruisiging. As Jesus leer dat Hy wonings gaan voorberei, dan moet ons verstaan daardie wonings bestaan uit die gelowiges. Die voorbereidingswerk waarvan die Here Jesus praat, behels alles wat hierop volg:
   - Die volgende dag is Jesus gekruisig: dit beteken Hy oorwin die duiwel en doen versoening vir sy dissipels se sondes
   - Daarna sterf Hy en staan op uit die dood – sodat die dood sy greep op hulle verloor
   - Dan vaar Hy op na die hemel na 'n posisie van absolute gesag in die hemel
   - Dan stuur Hy Sy Heilige Gees om seker te maak baie stene word voorberei – dit loop hand aan hand met die sendingopdrag (immers is daar <u>baie</u> wonings) en die heiligmakende werk van die Heilige Gees (dit moet <u>voorbereide</u> wonings wees)

- Hy is ook in beheer van al die dinge waarvan ons in Openbaring lees – die sewe gemeentes, die sewe seëls, die sewe trompette, die sewe skale. Onthou hoeveel keer lees ons in Openbaring "Bekeer julle!"
- Dan kom Hy om te oordeel – net goed voorbereide stene is goed genoeg. En dit is hulle wat Hy na Hom toe neem.
- Dan daal hulle saam met Hom uit die hemel neer na die nuutgemaakte aarde, en die Here God kom by hulle woon as hulle God.

Daardie aand in die bovertrek was die dissipels ontsteld: Die Here Jesus is op die punt om weg te gaan, Judas gaan Hom verraai, Petrus gaan Hom vannag nog drie maal verloën. En tog bemoedig die Here Jesus Sy dissipels. Hy bemoedig hulle met die versekering dit alles werk mee na 'n heerlike einde vir elkeen wat in Hom en in die Vader glo: Hemel op aarde, in God se teenwoordigheid, vir ewig! Mag ons ook elkeen hierdeur bemoedig word – al voel ons ook soms ontsteld, soos die dissipels daardie aand. Die Here Jesus is in 'n posisie van gesag, en Hy werk aktief daaraan om dit alles 'n werklikheid te maak.